THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

2-in-1

# Rekeningkunde

TOETS- & EKSAMENVOORBEREIDING

Ann Botha

GRAAD

12

KABV



# Graad 12 Rekeningkunde 2-in-1 KABV

## TOETS- & EKSAMENVOORBEREIDING

Hierdie Graad 12 Rekeningkunde 2-in-1 studiegids is 'n uiters doeltreffende hersieningshulpmiddel. Jy kan dit regdeur die kwartaal, asook vir eksamenvoorbereiding gebruik.

**Sleutelkenmerke:**

- 'n Blitshersiening van alle aspekte van die KABV-kurrikulum. Hierdie afdeling dek die noodsaaklike teorie en basiese konsepte.
- 7 eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde. Duidelike riglyne vir eksamentegniek en uitleg word deurgaans gegee.

Die wenke, kommentaar, studienotas en deurlopende advies wat deur die onderwyser-skrywer aangebied word, ontwikkel selfvertroue by die leerders soos hulle sistematies deur die boek werk.

Die riglyne vir berekeninge, opsommings van nuttige terminologie en afkortings dra alles by tot 'n eenstopboek wat die leerder deeglik voorberei vir toetse en eksamens.

THE ANSWER SERIES
Your Key to Exam Success

GRAAD

12

KABV

2-in-1

# Rekeningkunde

**Ann Botha**

*Ook beskikbaar*

**GRAAD 12**
**REKENINGKUNDE**
**3-in-1**

- notas, vrae & voorgestelde antwoorde per onderwerp
- eksamenvraestelle & voorgestelde antwoorde

**HIERDIE STUDIEGIDS SLUIT IN**

1 Blitshersiening van alle aspekte van die kurrikulum

2 Eksamenvraestelle met voorgestelde antwoorde

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

**E-boek beskikbaar**

2015 publikasie | ISBN: 978-1-920568-96-2

021121 | TAS

# BREEDVOERIGE INHOUD

## BLITSHERSIENING

### 'n Breë uiteensetting van die kurrikulum en inhoud van Blitshersiening:

'Blitshersiening' is 'n opsomming van die inhoud van die kurrikulum.
Dit toets jou kennis van al die teorie, formate en formules wat jy moet ken.
Die **bladsynommers** word hier, vir vinnige verwysing, gegee.


**BASIESE KONSEPTE ........ 1**

- Basiese Definisies
- AARP
- Etiek
- Interne Beheer ........ 2
- Die Interne Ouditeur

**MAATSKAPPYE (1) ........ 3**

- Die Teorie
  Tipes maatskappye
  Akte van Oprigting
  Voordele van 'n maatskappy (oor eenmansake & vennootskappe)
  Kapitaal – gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal
  Aandeelhouers
  Direkteure – pligte
  – vergaderings
  – eienskappe ........ 4
  – evaluasie van prestasie
  – belangebotsing
  Ondernemingsredding
  Geskilbeslegting
  Binnehandel
- Die boekhouding van maatskappye – grootboekrekeninge ........ 5
  Uitreik van aandele
  Terugkoop van aandele
  Inkomstebelasting / SAID (inkomstebelasting) ........ 6
  Dividende / Aandeelhouers vir dividende
  Verdelingsrekening
- Die Finansiële State ........ 6
  Staat van Omvattende Inkomste
  Staat van Finansiële Posisie en Notas ........ 7
  Die effek van maatskappy transaksie op die rekeningkundige vergelyking ........ 8
- Eksterne, onafhanklike ouditeure en die Ouditeursverslag ........ 9

**MAATSKAPPYE (2) ........ 10**


- Die Kontantvloeistaat en Notas
- Ontleding en vertolking van Finansiële State ........ 11


**TASBARE/VASTE BATES ........ 12**


- Die lewensduur van 'n bate
- Waardevermindering
- Die Tasbare bateregister
- Bateverkope-inskrywings ........ 13
- Die Tasbare Bate Nota
- Die Bateverkoperekening
- Interne beheer van bates
- Etiek

**VOORRAADSTELSELS ........ 14**


- Voorraadwaardering – spesifieke-aanwysingsmetode
  – EIEU (eerste in eerste uit)
  – geweegde gemiddelde
- Voorraadbeheer – deurlopende metode
  – periodieke metode
- Berekening van winsopslag en koste van verkope
- Waarom 'n onderneming nie sy winsopslag sal behaal nie ........ 15
- Interne voorraadbeheer








*Kopiereg © Die Antwoord*

**REKONSILIASIES** ........ **15**

- Debiteureversoenings
  Rekonsiliasie van Debiteure se rekeninge en Debiteurelys
  Debiteure-ouderdomsontleding (interne beheer) ........ 16
- Krediteureversoenings
  Rekonsiliasie van Krediteure se rekeninge en Lys van saldo's
  Rekonsiliasie van Krediteure se State en rekening ........ 17
  Interne beheer
- Bankversoening
  Die Bankversoeningstaat
  Interne beheer ........ 18

**BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)** ........ **18**

- Inset- en Uitset-BTW
- Berekening van bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar van SAID
- Nulkoers en Vrygestelde items
- 'n Bietjie oefening met BTW-berekeninge ........ 19





**KOSTEREKENINGKUNDE** ........ **19**

- Produksiekostestaat met Notas
- Inkomstestaat (kortvorm) met Notas ........ 20
- Koste berekeninge – formules ........ 20
- Koste konsepte – vaste en veranderlike
- Die gelykbreekpunt ........ 21
- Interne beheer
- Die invloed van veranderinge in koste
- Etiek


**BEGROTING** ........ **22**

- Geprojekteerde Inkomstestaat – ontleding en vertolking
- Kontantbegroting – ontleding en vertolking
- Debiteure-invorderingskedule
- Voorstelle oor hoe om 'n Kontantbegroting te vertolk




*Kopiereg © Die Antwoord*

## EKSAMENVRAESTELLE




Ontleding van Eksamenvraestelle ........ 23
Voorstelle oor hoe om eksamenvrae te beantwoord ........ 24
Vraestel A ........ 25
Vraestel B ........ 36
Vraestel C ........ 46
Vraestel D ........ 57
Vraestel E ........ 69
Vraestel F ........ 80
Vraestel G ........ 87


## Antwoorde op Blitshersiening vrae



Basiese Konsepte ........ 93
Maatskappye (1) ........ 94
Maatskappye (2) ........ 101
Tasbare/Vaste Bates ........ 103
Voorraadstelsels ........ 104
Rekonsiliasies ........ 105
Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) ........ 108
Kosterekeningkunde ........ 109
Begroting ........ 111


## Voorgestelde Antwoorde vir Eksamenvraestelle


Hoe om jou antwoorde na te sien ........ 112
Vraestel A ........ 113
Vraestel B ........ 119
Vraestel C ........ 123
Vraestel D ........ 128
Vraestel E ........ 133
Vraestel F ........ 138
Vraestel G ........ 141

**Terminologie** ........ 144
**Aanvaarbare Afkortings** ........ 147
**Alternatiewe terminologie** ........ 147

# ONTLEDING VAN EKSAMENVRAESTELLE

| ONDERWERP | | Vraestel A | Vraestel B | Vraestel C | Vraestel D | Vraestel E | Vraestel F | Vraestel G |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **MAATSKAPPYE (1)**  | Algemene Grootboek / BEL | | V2.1 | | V1.1 | V4.1 | | V3 |
| | Finansiële State | V3.1.2 | V2.3 | V2.2 | V3 | V2 | V2 | |
| | Oudit, ens. | V3.2 | V5.2 | V4.2 / 4.4 | V4 | V4.9 | | |
| **MAATSKAPPYE (2)** | Kontantvloeistaat | V5.1 | V5.1 | | V4 | V4.2 | V3 | |
| | Ontleding & vertolking | V5.2 | V5.1 | V4.1 / 4.3 | V4 | V4.4 | | V3 |
| **TASBARE BATES** | Bateverkope (vervreemdings) en Tasbare Bate Nota | V3.1.1 | V2.2 | V2.1 | V6.1 | | V1 | |
| **VOORRAAD**   | Voorraadwaardering, ens. | V4.1 | V4.1 | V1 | V6.2 | V1 | V1 | |
| | Probleemoplossing | V4.2 | | | V6.3 | V3.2 | | |
| **REKONSILIASIES**  | Debiteure | | V3.1 | | V1.2 | V6 | | |
| | Krediteure | V6.2 | | V5 | | | | |
| | Bank | V6.1 | V3.2 | | | | | V2 |
| **BTW** | | | V4.2 | | | V3.3 | V2.1 | |
| **KOSTE-REKENINGKUNDE** | Produksiekostestaat | | V1.1 | | V2.1 | | V4.1 | |
| | Kosteberekening | V1 | V1.2 | V6 | V2.2 | V5 | V4.2 | |
| **BEGROTING** | Geprojekteerde Inkomstestaat | | V6 | V3 | | | | V1 |
| | Kontantbegroting | V2 | | | V5 | V3.1 | | V1 |

# VOORSTELLE OOR HOE OM EKSAMENVRAE TE BEANTWOORD

Wanneer jy die vrae in hierdie boek beantwoord, kan jy dit rofweg doen en afkortings gebruik, maar onthou – moet dit **NIE** in die eksamen so doen nie.

- **Lees die vraag noukeurig**. Rig jou gedagtes deur die **woord/frase/onderwerp** waaroor die vraag gestel word, te **onderstreep**.
- **Gebruik altyd volsinne** in jou antwoord en **hou by die onderwerp**. Verduidelik die konsep wat in die vraag gebruik word, maar gebruik ander woorde, bv. V: Wat is 'n dividend? Moenie sê: ''n Dividend is 'n dividend . . . nie.'
- Kyk na die **puntetoekenning**.
  As jy vir een verduideliking of voorbeeld gevra word, kry jy gewoonlik 2 punte *(Behalwe as die eksaminator baie streng is en net 1 punt gee!)*
  As meer punte toegeken word, moet jou antwoord meer besonderhede bevat.
  Moenie vergeet om 'Ja' of 'Nee' te antwoord wanneer jy gevra word 'Stem jy saam ...?' nie.
  As daar nie aan jou gesê word hoeveel punte/redes om te gee nie, sal die puntetoekenning 'n aanduiding wees van hoeveel om te skryf. Aanvaar dat 2 punte vir elke goeie, feitelike sin toegeken sal word.
- Wanneer jy gevra word om 'n antwoord te bereken, **skryf die formule of bewoording neer** wat jy gaan gebruik om aan te dui hoe jy dit uitgewerk het. Dit het twee voordele:
  – dit rig jou gedagtes op hoe om die vraag te beantwoord sodat jy nie 'n nalatige fout maak nie, en
  – dit wys vir die eksaminator wat jy gedoen het sodat jy, al is jou antwoord verkeerd, vir die metode sal punte kry.

### Beantwoord ALTYD die vraag!

As jy nie seker is wat werklik van jou verwag word nie, dink na oor die afdeling van die kurrikulum waaroor die vraag handel *{jy kry tyd om te dink}* en verstrek inligting wat op daardie onderwerp betrekking het.

**ONTHOU, AS JY NIKS SKRYF NIE - KRY JY NIKS!**

Die nasieners wil regtig hê jy moet goed vaar en hulle sal dus lees wat jy neergeskryf het om te kyk of hulle jou 'n punt of twee kan gee – en dit is altyd beter as 0!



**Ons vertrou dat jy dit geniet om met**

**The Answer Series**

**te studeer – probeer gerus ons studiegidse in jou ander vakke ook!**


The Answer Series, Imam Haronweg 50, Claremont, 7708
T: (021) 671 0837 F: (021) 671 2546 info@theanswerseries.co.za
www.theanswer.co.za

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

# VRAESTEL A

| VRAAG 1 | KOSTEREKENINGKUNDE | 24 punte<br>14 minute |
|---|---|---|

**TRANSFORMERS T-HEMDE BEPERK**



**INLIGTING**

1. Transformers T-hemde Beperk het 34 000 T-hemde gemaak en verkoop gedurende die jaar geëindig 29 Februarie 2016. In 2015 het hulle 25 000 T-hemde geproduseer.
2. Alle T-hemde is in sowel 2015 as 2016 teen 'n vaste prys van R45 elk verkoop.
3. Alle klaargoedere is verkoop. Daar was geen goedere-in-bewerking aan die begin of einde van die finansiële jaar nie.
4. Die volgende totale en eenheidskoste is geïdentifiseer:

| | 2016<br>34 000 eenhede vervaardig | | 2015<br>25 000 eenhede vervaardig | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale koste | Eenheidskoste | Totale koste | Eenheidskoste |
| **Veranderlike koste:** | R980 000 | R28,83 | R801 000 | R32,04 |
| Direkte materiaalkoste | 500 000 | **A** | 462 000 | 18,48 |
| Direkte arbeidskoste | 320 000 | 9,41 | 205 000 | 8,20 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 160 000 | **B** | 134 000 | 5,36 |
| **Vaste koste:** | 333 000 | 9,79 | 296 000 | 11,84 |
| Fabrieksbokoste | 205 000 | **C** | 205 000 | 8,20 |
| Administratiewe koste | 128 000 | 3,76 | 91 000 | 3,64 |
| **Totale koste** | R1 313 000 | R38,62 | R1 097 000 | R43,88 |

**BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:**

1.1 Bereken die eenheidskoste vir 2016, getoon as A, B en C in die tabel hierbo. [6]

A

B

C

1.2 Vergelyk die eenheidskoste van 2016 met dié van 2015. 'n Deel van die eenheidskoste is deur inflasie (prysverhogings) beïnvloed. Gee in elk van die volgende gevalle EEN moontlike rede, buiten inflasie, vir die verandering. [6]

- Direkte materiaalkoste per eenheid

- Direkte arbeidskoste per eenheid

- Fabrieksbokoste per eenheid


1.3 Bereken die gelykbreekpunt vir 2016. [5]

1.4 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt hierbo bereken. Behoort die onderneming tevrede te wees met die getal eenhede wat tans geproduseer word? Verduidelik. [3]

1.5 Die King III-verslag, wat op alle maatskappye in Suid-Afrika van toepassing is, bepaal dat behalwe winsbejag, 'n maatskappy verantwoordelikheid moet aanvaar vir die omgewing waarin hy werk. Verduidelik hoe dit op hierdie maatskappy van toepassing is. [4]

| VRAAG 2 | BEGROTING – KONTANTBEGROTING EN DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE | 60 punte 36 minute |
|---|---|---|

## MARVELS MEUBILEERDERS BEPERK



Jy is voorsien van 'n uittreksel uit die Kontantbegroting en ander inligting vir hierdie maatskappy, wat 'n megawinkel in 'n groot winkelsentrum in Tshwane bedryf. Hy verkoop meubels en verwante items kontant en op krediet. Die finansiële jaareinde is 30 September.

### INLIGTING

1. 40% van verkope is op krediet.
   Verwagte verkope: Julie R1 500 000; Augustus R1 400 000; September R1 250 000.

2. Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.
   Voorraad word aan die einde van elke maand aangevul. Die direkteure het besluit die maatskappy sal vanaf 1 Julie 2016 nie meer alle voorraad kontant koop nie ten einde 5% korting te kry. Slegs 25% van aankope sal kontant betaal word om die korting te kry. Krediteure sal in die maand wat op die aankope volg ten volle betaal word.

3. Na verwagting sal debiteure soos volg betaal:
   - 50% in die maand wat op die verkoopstransaksie volg (30 dae)
   - 30% in die tweede maand (60 dae)
   - 18% binne 90 dae. Die saldo word in die derde maand afgeskryf.



4. UITTREKSEL UIT DIE DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 30 SEPTEMBER 2016
   Elke onderstaande debiteur word 'n 'kredietlimiet' van R15 000 en betalingsvoorwaardes van 30 dae gegee.

| Naam | Totaal | Huidige maand | 30 dae | 60 dae | 60 dae+ |
|---|---|---|---|---|---|
| | ........... | .......... | .......... | .......... | .......... |
| B Bed | 15 000 | 15 000 | | | |
| L Lessenaar | 19 000 | – | 11 500 | 7 500 | |
| M Mikrogolf | 8 500 | – | – | – | 8 500 |
| S Stoel | 6 400 | 1 200 | 5 200 | | |
| T Tapyt | 16 600 | 5 800 | 5 300 | 5 500 | |
| | 914 000 | 500 000 | 280 400 | 122 000 | 11 600 |

5.

| ANDER INLIGTING | 30.09.2016 | 30.09.2015 |
|---|---|---|
| Verkope vir jaar | 13 152 000 | 10 960 000 |
| Koste van verkope | 6 576 000 | 5 480 000 |
| Debiteurekontrole | ? | 728 000 |

## MARVELS MEUBILEERDERS BEPERK

### KONTANTBEGROTING VIR DIE DRIE MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2016

| | JULIE | AUGUSTUS | SEPTEMBER |
|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE (uittreksel)** | | | |
| Kontantverkope | 900 000 | 840 000 | 750 000 |
| Invorderings van debiteure | 518 600 | 565 800 | [1] |
| Rente op debiteure se agterstallige rekeninge | 1 400 | 1 200 | 1 600 |
| .......................... | ............. | ............. | ............. |
| Lening van Tshwane Bank (9% p.j.) | **A** | | |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | ............. | ............. | 1 316 000 |
| **BETALINGS (uittreksel)** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | **B** | 166 250 | 148 438 |
| Betalings aan krediteure | 543 750 | 562 500 | **C** |
| Direkteursfooie | 30 000 | 30 000 | 30 000 |
| Diverse bedryfsuitgawes | .............. | .............. | ............. |
| Skoolvoedingskema | 5 000 | 5 000 | 5 000 |
| Personeelopleiding | | 25 000 | |
| Inkomstebelasting | | | 135 000 |
| Terugbetaling van lening | | 20 000 | 20 000 |
| Rente op lening | | 4 050 | 3 900 |
| Opknapping van winkel | | 225 000 | |
| **TOTALE BETALINGS** | 1 429 000 | 1 567 000 | 1 368 800 |
| Kontantsurplus (-tekort) | 531 000 | (160 000) | **D** |
| Saldo aan begin van maand | 225 000 | 756 000 | ............. |
| Kontant voorhande aan einde van maand | 756 000 | 596 000 | **E** |

### GEVRA

2.1 Berei 'n Debiteure-invorderingskedule vir September voor. [7]

| | KREDIETVERKOPE VIR MAAND | SEPTEMBER-INVORDERINGS |
|---|---|---|
| *Junie* | *R580 000* | |
| *Julie* | *R600 000* | |
| *Augustus* | R................. | |
| TOTAAL | | |

2.2 Bereken die ontbrekende syfers in die Kontantbegroting. [15]

| | |
|---|---|
| A | |
| B | |
| C | |
| D | |
| E | |

2.3 Verduidelik die belangrikste voordeel vir die maatskappy danksy die direkteure se besluit dat hulle 'nie meer alle voorraad kontant sal koop nie'. [2]

2.4 Is dit na jou mening 'n goeie idee dat die maatskappy krediet aan klante toestaan? Verskaf EEN punt ten gunste van hierdie strategie, en EEN punt daarteen. [5]

Ja, dit is 'n goeie idee, OF Nee, dit is nie 'n goeie idee nie. Omkring 'Ja' of 'Nee'.

Punt ten gunste:

Punt daarteen:

2.5 Verduidelik waarom dit nodig is om elke debiteur 'n 'kredietlimiet' en betalingsvoorwaardes te gee. [4]

2.6 Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingsperiode (in dae) vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2016. [5]

2.7 Sal die interne ouditeur tevrede wees met hierdie invorderingsperiode? Gee EEN rede vir jou antwoord. [3]

Ja / Nee.

2.8 Die interne ouditeur meen dat daar probleme is wat debiteure-beheer betref. Verduidelik kortliks waarom hy so voel deur TWEE debiteure met verskillende probleme te identifiseer. Verwys na die Debiteure-ouderdomsontleding. [4]

2.9 Verduidelik wat die Inkomstebelastingbetaling in September verteenwoordig. [2]

2.10 Bereken die geskatte netto wins vir die jaar geëindig 30 September 2016. Aanvaar dat die huidige belastingkoers 30% van netto wins is. Dieselfde bedrag is in Maart 2016 aan Inkomstebelasting betaal. [3]

2.11 Waarom is daar geen syfer vir ouditfooie in die Kontantbegroting nie? [2]

2.12 Die maatskappy sal op 30 September 2016 'n dividend verklaar. Waarom is daar geen bedrag vir hierdie dividend in hierdie Kontantbegroting nie? [2]

2.13 Verduidelik die items 'Skoolvoedingskema' en 'Personeelopleiding' Kontantbegroting. Waarom bestee die maatskappy geld hieraan? [6]



| VRAAG 3 | TASBARE BATES; MAATSKAPPYE (1) – FINANSIËLE STATE EN OUDITEURSVERSLAG | 80 punte 48 minute |
|---|---|---|

**BATMAN BEPERK**

**3.1 BATEVERKOPE & STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE** **/63/**



**INLIGTING**

**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2016**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge afdeling** | | |
| Gewone aandelekapitaal | | 2 800 000 |
| Behoue inkomste | | 658 950 |
| Lening: Gotham Bank | | 667 000 |
| Grond en geboue | 2 097 000 | |
| Voertuie | 814 000 | |
| Toerusting | 616 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 294 800 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 341 000 |
| Vaste deposito: Gotham Bank (8% p.j.) | 495 000 | |
| Handelsvoorraad | 955 000 | |
| Verbruiksgoedere voorhande (verpakkingsmateriaal op 30.06.2015) | 15 000 | |
| Debiteurekontrole | 396 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 18 000 |
| Bank | 583 700 | |
| Krediteurekontrole | | 405 500 |
| SAID (inkomstebelasting) | 160 000 | |
| **Nominale rekeninge afdeling** | | |
| Verkope | | 10 481 800 |
| Debiteure-afslag | 145 201 | |
| Koste van verkope | 7 383 285 | |
| Huurinkomste | | 176 880 |
| Rente-inkomste (op vaste deposito) | | 26 630 |
| Oninbare skulde | 12 000 | |
| Direkteursfooie | 840 000 | |
| Verpakkingsmateriaal | 23 100 | |

**AANSUIWERINGS**

1. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2016 het die volgende voorrade onthul: handelsvoorraad, R902 150; verpakkingsmateriaal, R4 260.
2. Direkteursfooie van R22 500 is uitstaande aan die einde van die finansiële tydperk.
3. Maak voorsiening vir uitstaande rente op die vaste deposito. Hierdie belegging bestaan al die hele jaar. Rente word nie gekapitaliseer nie.
4. 'n Debiteur wat R32 000 skuld, word insolvent verklaar. Sy boedel het 40 sent in die rand betaal en dit is korrek geboekstaaf. Die oorblywende saldo moet as oninbaar afgeskryf word.
5. Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 5% van debiteure.
6. Die huurgeld is op 1 April 2016 met R1 320 verhoog. Die huurder het tot aan die einde van Julie 2016 huur betaal.
7. 'n Voertuig is op 31 Desember 2015 op krediet verkoop vir R90 000. Die Vastebateregister het die volgende in verband met hierdie voertuig onthul:

| | |
|---|---|
| Kosprys | R235 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op 1 Julie 2015 | R105 750 |

Die vervreemding is nog nie deur die boekhouer geboekstaaf nie.



8. Maak soos volg voorsiening vir waardevermindering:
   - voertuie teen 15% p.j. op kosprys
   - toerusting teen 10% p.j. op die verminderdesaldo-metode.

   LET WEL: Nuwe toerusting wat R48 000 gekos het, is op 1 September 2015 aangekoop. Dit is korrek geboekstaaf.
9. Die leningstaat op 30 Junie 2016 van Gotham Bank ontvang, toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo aan begin van die finansiële jaar | R1 125 000 |
| Terugbetalings vir die jaar | 458 000 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo aan einde van die finansiële jaar | 804 500 |

10. Inkomstebelasting word teen 30% van netto wins bereken.



**DAAR WORD VAN JOU VERWAG:**

3.1.1 Berei die volgende rekening voor in die

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN BATMAN BEPERK**

**BATEVERKOPE** [9]

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2015 Des 31 | *Voertuie* | | 2015 Des 31 | *Opgehoopte waarde-* | |
| | | | | *vermindering op* | |
| | | | | *voertuie* | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

3.1.2 Berei die volgende voor: [54]

| BATMAN BEPERK<br>STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2016 | |
|---|---|
| *Verkope* | |
| *Koste van verkope* | |
| *Bruto wins* | |
| *Ander bedryfsinkomste* | |
| *Oninbare skulde verhaal* | *2 300* |
| | |
| | |
| *Bruto bedryfsinkomste* | |
| *Bedryfsuitgawes* | |
| *Ouditfooie* | *73 800* |
| *Bemarkingsuitgawes* | *480 000* |
| *Salarisse en lone* | *660 000* |
| *Diverse bedryfsuitgawes* | *123 774* |
| *Oninbare skulde (12 000* | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| *Bedryfswins* | |
| | |
| *Wins voor rente-uitgawe* | |
| | |
| *Wins voor belasting* | |
| *Inkomstebelasting* | |
| *Netto wins na belasting* | |

## 3.2 OUDITEURSVERSLAG /17/

**UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE**

Ons het die jaarlikse finansiële state van Batman Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

Ons het ons oudit uitgevoer ooreenkomstig die Internasionale Oudit-standaarde, wat vereis dat ons die oudit uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wanvoorstelling.

**Ouditmening**

Na ons mening is die finansiële state 'n redelike voorstelling van die maatskappy se finansiële posisie op 30 Junie 2016, behalwe vir die bemarkings-uitgawe in die Staat van Omvattende Inkomste, wat nie bevestig kon word nie aangesien geen dokumentasie vir hierdie uitgawe bestaan nie.



**Robin & Graytham Geïnk.**
**Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)** **15 September 2016**

3.2.1 Verduidelik die rol van die onafhanklike ouditeure. [4]

3.2.2 Het Batman Beperk 'n voorwaardelike/gekwalifiseerde of onvoorwaardelike/ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang? Verduidelik jou antwoord kortliks. [3]

3.2.3 Na verdere ondersoek is vasgestel dat die bemarkingsuitgawe in die Staat van Omvattende Inkomste R120 000 ingesluit het vir 'n vakansie vir Bruce Wayne, die HUB, en sy gesin. Dit het hul verblyf in luukse hotels en sakeklasvliegkaartjies gedek.

Bruce Wayne het die boekhouer gelas om die R120 000 teen bemarkings-uitgawes te debiteer en die onafhanklike ouditeure gevra om dit te ignoreer aangesien dit in die finansiële state geboekstaaf is.

- Die onafhanklike ouditeure voel dat hulle nie hul werk behoorlik sal verrig as hulle aan die HUB se versoek voldoen nie. Verduidelik kortliks waarom hulle so voel. [2]

- Gee TWEE moontlike gevolge vir die ouditeure as hulle aan hierdie versoek voldoen. [4]

3.2.4 Onder watter omstandighede kan 'n maatskappy om 'ondernemingsredding' aansoek doen, en wat sal die gevolge wees? [4]



| VRAAG 4 | VOORRAADSTELSELS | 32 punte<br>19 minute |
|---|---|---|

**4.1 SPIDERMAN FIETSE /20/**



Spiderman Fietse, in besit van Peter Parker, verkoop fietse van een fabrikaat. Hy gebruik die EIEU-metode van voorraadwaardering en die periodieke voorraadstelsel.

**INLIGTING**

Die volgende inligting kom voor in Spiderman Fietse se boeke vir die jaar geëindig 30 Junie 2016.

| INLIGTING OOR VOORRAAD | AANTAL FIETSE | WAARDE PER FIETS | TOTALE WAARDE |
|---|---|---|---|
| Fietse voorhande – 1 Julie 2015 | 60 | ? | R240 000 |
| Fietse gedurende jaar gekoop | 630 | | R2 606 000 |
| September 2015 | 250 | R3 800 | R950 000 |
| Januarie 2016 | 200 | R4 500 | R900 000 |
| Mei 2016 | 180 | R4 200 | R756 000 |
| Fietse teruggestuur (Mei-aankope) | 5 | ? | ? |
| Fietse gedurende jaar verkoop | 450 | R6 750 | R3 037 500 |
| Fietse voorhande – 30 Junie 2016 | 235 | ? | ? |

**GEVRA**

4.1.1 Daar is TWEE ander metodes van voorraadwaardering. Watter een dink jy sal 'n moontlike alternatief wees vir EIEU? Verduidelik waarom. [3]

4.1.2 Bereken die waarde per fiets voorhande op 1 Julie 2015. [2]

4.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2016 volgens die EIEU-metode. [5]

4.1.4 Bereken die bruto wins op 30 Junie 2016. [6]

4.1.5 Peter Parker, die eienaar, en Ben, die rekenmeester, stem nie saam oor die metode van voorraadwaardering nie. Peter wil voortgaan om die EIEU-metode te gebruik omdat hy sê dit is makliker om te bereken. Ben wil die geweegdegemiddelde-metode gebruik omdat hy reken die wins sal laer wees, en aldus die inkomstebelasting. As interne ouditeur, wat sal jy vir Peter en Ben sê? Gee TWEE punte. [4]



## 4.2 SUPERMAN SCOOTERS /12/

Superman Scooters verkoop bromponies van een handelsmerk. Die eienaar, Clark Kent, het takke in Krypton, Chicago en Metropolis.
Die drie takke word onderskeidelik deur Lois, Lex en Jimmy bestuur.

Clark Kent het die jaarlikse syfers vir die finansiële tydperk geëindig 29 Februarie 2016 van die drie takke ontvang.



| **INLIGTING** | **KRYPTON (LOIS)** | **CHICAGO (LEX)** | **METROPOLIS (JIMMY)** |
|---|---|---|---|
| Aantal bromponies te koop | 470 | 300 | 190 |
| Aantal gedurende die jaar verkoop | 380 | 75 | 190 |
| Fisiese opname – 29.02.2016 | 72 | 225 | Nul |
| Kosprys per bromponie | R7 500 | R7 500 | R7 500 |
| Verkoopprys per bromponie | R11 500 | R11 500 | R11 500 |
| Advertensies per jaar | R15 000 | R40 000 | R60 000 |
| Salaris van bestuurder | R30 000 p.m. | R30 000 p.m. | R30 000 p.m. |

**DAAR WORD VAN JOU VERWAG:**



Identifiseer EEN probleem in elke tak, en haal syfers aan om die probleem te bevestig. Gee Clark Kent raad hoe om die probleem in elke tak op te los.

**KRYPTON (LOIS) – PROBLEEM**


**OPLOSSING**

**CHICAGO (LEX) – PROBLEEM**

**OPLOSSING**

**METROPOLIS (JIMMY) – PROBLEEM**

**OPLOSSING**



| VRAAG 5 | MAATSKAPPYE (2) – KONTANTVLOEISTAAT & ONTLEDING & VERTOLKING | 69 punte 42 minute |
|---|---|---|

**THE INCREDIBLE ICE CREAM FACTORY BEPERK**



## 5.1 KONTANTVLOEISTAAT

**INLIGTING**

1. **Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste vir jaar geëindig 30 April 2016**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering | R355 400 |
| Rente op lening | 60 750 |
| Netto wins voor belasting | 1 020 350 |
| Inkomstebelasting | 306 105 |

2. **Uittreksel: Staat van Finansiële Posisie op 30 April 2016 (voor terugkoop)**

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Tasbare bates | 3 075 300 | 3 924 500 |
| Bedryfsbates | 2 524 700 | 1 609 500 |
| Voorrade | 381 000 | 408 000 |
| Handelsdebiteure | 1 040 000 | 1 150 000 |
| SAID (inkomstebelasting) | - | 48 500 |
| Kontant en kontantekwivalente | 1 103 700 | 3 000 |
| Aandeelhoudersbelang | ? | 2 523 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 3 180 000 | 2 100 000 |
| Behoue inkomste | ? | 423 000 |
| Langtermynlening – Lening | 500 000 | 850 000 |
| Bedryfslaste | 1 370 755 | 2 161 000 |
| Handelskrediteure | 1 109 755 | 1 035 900 |
| SAID (inkomstebelasting) | 69 000 | - |
| Aandeelhouers vir dividende | 192 000 | 210 000 |
| Bankoortrekking | - | 915 100 |

3. **Gewone aandelekapitaal: Gemagtig:** 750 000 gewone aandele

**Uitgereik:**
420 000 gewone aandele op 1 Mei **2010** teen uitreikprys van 500 sent elk
180 000 gewone aandele op 1 Mei **2015** teen uitreikprys van 600 sent elk

**Teruggekoop:**
Geen inskrywing is gedoen vir die terugkoop van 75 000 gewone aandele op 30 April 2016 teen 650 sent per aandeel nie. Die aandeelhouers was geregtig op die finale dividend.

4. **Dividende**
   - 'n Interimdividend van 66 sent per aandeel is op 31 Oktober 2015 betaal.
   - Die direkteure het 'n finale dividend van 32 sent per aandeel op 30 April 2016 aanbeveel.

5. **Vaste bates**
   - Grond en geboue is vir R1 250 000 verkoop.
   - Toerusting is kontant gekoop.
   - Geen ander tasbare bates is gekoop of verkoop nie.



6. **Finansiële aanwysers**

Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,49 : 1 | 0,74 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,21 : 1 | 0,56 : 1 |
| Skuld-ekwiteitsverhouding | 0,15 : 1 | 0,34 : 1 |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 24,78% | 23% |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 30,4% | 24,4% |
| Netto batewaarde per aandeel | 617 sent | 601 sent |
| Dividende per aandeel | 98 sent | 90 sent |
| Verdienste per aandeel | ? | 130 sent |
| Markwaarde van aandele | 690 sent | 675 sent |



**GEVRA**

5.1.1 Berei die Behoue Inkomste Nota op 30 April 2016, na die terugkoop van aandele, voor. [6]

| | |
|---|---|
| *Saldo aan begin van jaar* | *423 000* |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| *Saldo aan einde van jaar* | |



5.1.2 Voltooi die Nota vir Rekonsiliasie tussen netto wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedrywighede vir die jaar geëindig 30 April 2016. [11]

| | |
|---|---|
| *Netto wins voor belasting* | *1 020 350* |
| *Aansuiwerings as gevolg van:* | |
| | |
| | |
| *Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal* | |
| *Kontantgevolge deur veranderinge in bedryfskapitaal* | |
| *Verandering in voorraad* | *27 000* |
| | |
| | |
| *Kontant uit bedrywighede gegenereer* | |

5.1.3 Voltooi die volgende: [21]

**THE INCREDIBLE ICE CREAM FACTORY BEPERK**
**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2016**

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge uit bedryfsaktiwiteite** | |
| *Kontant uit bedrywighede gegenereer* | |
| *Rente betaal* | *(60 570)* |
| *Dividende betaal* | |
| *Inkomstebelasting betaal* | |
| **Kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite** | |
| *Aankoop van tasbare bates* | |
| *Opbrengs uit verkoop van tasbare bates* | *1 250 000* |
| **Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite** | |
| *Opbrengs uit uitgereikte aandele* | |
| *Terugkoop van aandele* | |
| *Langtermynlening terugbetaal* | *(350 000)* |
| | |
| **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | |
| *Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar* | |
| *Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar* | |

## 5.2 ONTLEDING EN VERTOLKING /27/

5.2.1 Bereken die verdienste per aandeel vir 2016 **voor** die terugkoop van aandele. [3]

5.2.2 Bereken die verdienste per aandeel vir 2016 **na** die terugkoop van aandele. [3]

5.2.3 Bereken die netto batewaarde van 'n aandeel vir 2016 **voor** die terugkoop. [3]

5.2.4 Die direkteure is tevrede dat die terugkoop van die aandele nie die maatskappy se likiditeit negatief geaffekteer het nie. Haal TWEE tersaaklike finansiële aanwysers, verhoudings of syfers aan om jou mening te ondersteun. [4]

5.2.5 Die direkteure is vol vertoue dat winste in die volgende finansiële jaar gehandhaaf sal word en dat die terugkoop van aandele voordelig vir die bestaande aandeelhouers sal wees. Stem jy met die direkteure saam? Verduidelik. [4]

